
SS
Jakobus
?
B/N

Jesus

Klein-Jakobus

Hy word soms Jakobus die minste genoem.

Dalk was hy jonk of skaam of klein.

Daar is nog ‘n dissipel wat ook Jakobus genoem word.

Matteus / Levi

Hy was ‘n belasting-gaarder (tollenaar).

Sy pa se naam is Alfeus.

Jesus het by sy huis kom eet.

Daar is ‘n Evangelie met sy naam.

Simon Petrus

Hy is Andreas se broer.
Hulle was die eerste 2 mans vir wie Jesus geroep het om sy dissipels te wees.
Sy naam beteken “rots”.
Jesus het hom ook Sefas genoem.
Hy was een van die vier dissipels wat die naaste aan Jesus was.
Sy pa se naam was Johannes/Jona.
Hy het op water geloop.
Hy het Jesus drie keer verloën.
Hy het Malgus se oor afgekap in Getsemane.

Simon die Seloot

Hy het van Galilea af gekom. Hy is ook Simon die Kananeër genoem.

Hy is bekend as Simon die Seloot: hy was ‘n politieke kampvegter teen die Romeine.

Hy was die mees aggressiewe dissipel.

(Judas) Taddeus

Sy naam Taddeus beteken “dapper hart”.

Sommige noem hom Judas seun van Jakobus.

Andreas

Andreas was voorheen ‘n volgeling van Johannes die Doper.

Hy was ‘n visserman.

Simon Petrus was sy broer.

Dis hy wat die seuntjie met 5 broodjies en 2 vissies na Jesus toe gebring het.

Hy was een van die vier dissipels wat die naaste aan Jesus was.

Skrifgeleerde / Godsdienstige leier

Bartolomeus / Natanael

Hy word Natanael of Bartolomeus genoem.

Jesus was beïndruk met sy geloof en eerlikheid.

Hy was onder ‘n vye-boom toe Filippus hom kom roep het.

Hy het van Kana in Galilea gekom.

Bartolomeus beteken “seun van ‘n saaier of boer”.

Filippus

Toe Jesus sê: “Volg My”, het Hy Jesus gevolg en toe vir Natanael ook gaan roep.
Hy kom van Betsaida.
Sy naam beteken “hy is lief vir perde”.
Hy het gedink dis onmoontlik duur om 5000 mense kos te gee.
Hy het by die laaste avondmaal gevra dat Jesus vir hulle die Vader wys.

Jakobus

Johannes is sy broer.
Hulle is bekend as die “Seuns van die donder”.
Sy pa is Sebedeus.
Hy en sy broer was vissermanne saam met hulle pa voordat Jesus hulle geroep het.
Hy wou graag aan Jesus se regterkant sit.
Hy was een van die vier dissipels wat die naaste aan Jesus was.

Johannes

Hy is Jakobus se broer.
Hulle is bekend as die “Seuns van die donder”.
Sy pa is Sebedeus.
Hy en sy broer was vissermanne saam met hulle pa voordat Jesus hulle geroep het.
Hy wou graag aan Jesus se regterkant sit.
Hy was een van die vier dissipels wat die naaste aan Jesus was.
Hy was Jesus se geliefde dissipel.
Hy het baie oud geword en briewe aan die vroeë kerk geskryf.

Tomas / Didimus

Hy het gesê dat Hy nie sal glo dat Jesus leef voordat hy nie sy vingers in die merke van die spykers kan sit nie.

(Hy het getwyfel of Jesus self uit die dood opgestaan het en wou self die merke aan sy hande en voete sien.)

Judas Iskariot

Hy het die geldsakkie van die dissipels gedra.

Hy het nie daarvan gehou toe Maria duur olie op Jesus se voete gegooi het nie.

Hy het Jesus verraai vir 30 silwer muntstukke en hom-self toe opgehang.